01/04/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – APRIL 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.
  - Die verjaarsdagsteen vir April is die Diamand [Queen of them all] en simboliseer ewewigtigheid en ondubbelsinnigheid.
  - Die verjaarsdagblom is die Pronkertjie.
  - Die moderne diamant was heelwaarskynlik onbekend in die Ou Testamentiese tye.
  - In Openbaring 21 verse 11, 18, 19 moet die Griekse woord jaspis [Afrikaans opaal] met diamant weergegee wees, volgens kenners.

- **Medelye met** Hennie Kruger, Hoëveldtak, met die heengaan van sy eggenote, Santie, Vrydag 17 Maart 2023.

- **Spoedige Beterskapwense aan**
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Genl. Maj. Gert Opperman, President SAIV, operasie aan die oë en sterk tuis aan.
  - Genl. Maj. Johann Dippenaar, Senior Lid, operasie ondergaan, sterk tuis aan.
  - Lee Le Crerar, Senior Lid, ernstige operasie in Cintocare Hospitaal, Menlyn, ondergaan.
  - Geoff Holland-Muter, NUR Lid, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Joggie Boers, NUR Lid, na 2 operasies, lang mediese sorg, uiteindelik skoon na vele toetse.
  - Chris le Roux, Voorsitter Centuriontak, ontvang mediese sorg.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Pinelands in hospitaal, ontvang mediese sorg.
  - Pierre Potgieter, Wesrandtak, na voetoperasie, nou enkelvervanging aan dieselfde voet.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, NUR Lid, asemnood en gebruik suurstof.

- **Koringkorrel** [Engels: Spiritual 'nuggets']

  "Plaas die Here eerste – die Here as die Eienaar, die Heerser, die Voorsiener, die Leidsman – en alle vrees vir gebrek en onvermoë verdwyn." [Hudson Taylor]

- **'n Mondvol**

  "Niks maak die aarde so ruim soos vriende nie; hulle is die lengte- en breedtegrade." [Henry Thoreau]

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Naskrif** – Nuusbrokkies ontvang van Veterane.

  - **Dubbeltjie** skryf: "Een voordeel van die resessie is dat dit Suid-Afrika se vroue sterker maak. Twintig jaar gelede het dit 'n man gekos om R100 se kruideniersware huistoe te dra. Nou dra 'n vrou dit met haar een hand."